Dieper wandel 6. 5/2/23

Vriendskap met God. – Elizabeth Jordaan

Wat is jou eerste gedagte as jy in die oggend wakker word? Vir party mense is dit dalk… ek wil nog slaap. Of… ag nee! Ek sien nie kans vir vandag nie. Maar dan is daar mense wat vol verwagting uitsien na die dag. Dalk 'n splinternuwe romanse! Kan nie wag om haar of hom vandag te sien nie! Laat ek gou kyk of daar vir my 'n boodskap op my foon is… Of, vandag is die eerste dag van 'n nuwe werk! Uiteindelik kan ek my droom bewaarheid…

Wat was ons Skepper-God se eerste gedagte met die aanbreek van elke nuwe dag in die Tuin van Eden? Dalk, Ek kan nie wag om Adam vandag te sien nie! God het mense geskape omdat Hy mense vir Homself as kinders wou aanneem (Efe.1:5). God wil elke dag die geselskap van mense hê. Hy wil nog meer as dit doen. Hy al Sy geestelike seën op mense uitstort (Efe.1:3). Hy wil mense liefhê. Hy wil goed wees vir mense. Hy wil sien dat mense vol vreugde is en bly is om Hom te ken. Hy wil by mense woon! (Op.21:3).

Adam se sonde het nie hierdie doel van God verongeluk nie. Om die waarheid te sê, God se droom is nou meer as ooit moontlik as wat dit in die Tuin van Eden was. Dit is moontlik vir elke mens om nou reeds die inwoning van God in die menslike hart te beleef. Maar dit alles begin met 'n eenvoudige wandel met God.

'n Vriendskap begin met 'n ontmoeting of 'n bekendstelling. Eers moet ek iemand ontmoet, uitvind wat sy naam is, kyk hoe hy lyk, hoor hoe hy praat en luister na wat hy praat. Ek moet oplet na sy liggaamstaal, en in sy oë kyk om te sien of hy vriendelik is of nie, of hy bly om my te sien of nie. Ek moet kyk of hy glimlag en of hy nors is. En dan gebeur daar iets in jou se hart. 'n Vriendskap word gebore. Die vriendskap groei as ek ontdek dat die persoon dieselfde belange as ek het, oor dieselfde dinge wil gesels, my gedagtes stimuleer en veroorsaak dat my beste eienskappe na vore kom. Dit groei nog hegter as ek sien dat die persoon opofferings maak om my te ontmoet en bly is om met my tyd te spandeer. Oor tyd groei 'n hegte vriendskapsband. Selfs as die vriendskap getoets word deur allerhande moeilikhede, veral dan, groei dit dieper. Die diepste groei is wanneer ons saam deur geweldige uitdagings gaan, saam lewe en dood trotseer, en op mekaar kan staatmaak en mekaar vertrou. Nog dieper is wanneer ek die diepste geheime van my hart met die persoon kan deel, en weet ek gaan nie verwerp word nie, maar onvoorwaardelik liefgehê word. God wil so 'n vriend vir jou wees.

God wou so 'n vriend van Adam wees. Na die sondeval het God nie opgehou om te verlang na mense as vriende nie. Abel se offer het God behaag. God self het daaroor getuig (Heb.11:4). In die tyd van Enos (Adam se kleinkind), het mense begin om God die Skepper te aanbid. Maar dit was eers in die 7de generasie dat God 'n mensevriend na Sy hart gevind het: Henog.

HENOG HET MET GOD GEWANDEL. Ons lees dit twee keer na mekaar in Genesis 5:22 en 5:24. Die woordjie "wandel" kan ook vertaal word as "vergesel" of "in die voetstappe volg". Henog het God op Sy wandelinge op aarde vergesel. Hy het in God se voetstappe gevolg. Wat 'n wonderlike gedagte. Henog se wandel met God was so intiem en intens dat God aan hom een van Sy diepste geheime geopenbaar het – die wederkoms van Christus!

- "En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose

mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het." (Jud.1:14-15)

Henog se vriendskap het God se behaag, dat Hy hom kom haal het. Henog is nie dood nie, God het hom net in die hemel opgeneem om by Hom te wees.

NOAG HET MET GOD GEWANDEL. Noag was ook God se vriend. Noag het in 'n vreesaanjaende gevaarlike tyd geleef. Dit was in Noag se tyd wat mense se harte so vol boosheid geword het dat God moes erken dat net slegte gedagtes dink. God het verskriklik hartseer geword (diep bedroef en gegrief) en dit het Hom berou dat Hy mense gemaak het. Hy het besluit om alle mense op aarde eenvoudig van die aarde af weg te vee. Dit was die grootste uitsterwing nóg van alle lewe op aarde. Maar… daar was een man wat God se hart gevange gehou het… Noag. NOAG HET MET GOD GEWANDEL. Hy was die enigste mens wat op daardie stadium nog naby God gelewe het. Hy was die enigste vriend met wie God hierdie diepe hartseer van Hom oor die toestand van mense kon deel. Noag was God se vriend.

- "Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE. Noag was 'n regverdige, opregte (onberispelike) man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel." (Gen.6:8-9)

Baie jare later, lank na die sondvloed, het God weer 'n vriend gevind – Abraham. Wat het God in Henog, Noag en Abraham gesien wat Hom gelei het om hierdie manne Sy vriende te noem? Net een ding: GELOOF. Geloof dat God bestaan, en geloof dat God Homself aan mense wil verbind.

- "En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem." (Jam.2:23)

Vriendskap met God is nie goedkoop nie. Dit word ook nie gebou met afskeep tyd van 1 minuut met God, of 5 minute met God, dagstukkies nie. Vriendskap met God word gebou in lang ononderbroke intieme omgang met die lewende God. Lang tye net met Hom, om Hom te leer ken, Sy karakter te ontdek, Sy stem te leer ken, Sy woord te gehoorsaam, Sy liefde te ervaar, Sy opdragte uit te voer, Sy weë lief te kry, Sy Seun te ken, Sy Heilige Gees te huisves, Sy beloftes te glo, Sy voorsiening te beleef. Vriendskap met God gaan nie saam met vriendskap met die wêreld en die wêreld se genot en plesier nie. Vriendskap met God is uitsluitlik – geen ander gode is welkom nie. Vriendskap met God is tydrowend want as jy Hom as vriend het, dan wil jy met Hom tyd spandeer. Vriendskap met God maak van jou 'n vriendelike mens want God se vriendelikheid smeer aan jou af. God se goedheid smeer aan jou af. Sy geduld, Sy liefde, Sy vrede, Sy vreugde, Sy genade, Sy vrygewigheid, Sy barmhartige ontferming oor weduwees, weeskinders, vaderloses, armes, eensames, verstotelinge, sondaars, alles smeer af aan jou. Sy karakter word in jou innerlike mens gebou. Jou gedrag verander. Jy word 'n kind van God wat net soos Sy Seun lyk.

Is jy 'n vriend van God?

GEBED: Vader, Skepper-God, ek wil U vriend(in) wees. Ek wil U so ken. Ek wil U Seun ken. Ek wil U Gees ken. Ek wil U stem ken. Ek wil U wil ken. Ek wil alles van U ken. Ek wil my tyd vir U gee. Ek gee my lewe vir U. Hier is ek. Ontmoet my nou. Leer my om met U te wandel. Ek het U lief.

Om 'n PDF af te laai, kliek hier: [https://watchandpray.co.za/friendship-with-god-series-4/](https://watchandpray.co.za/friendship-with-god-series-4/)